

**Skriflesing:** Esegïël 14Teks: **Esegïël 14:3,20-22a****Sing- Ps. 98:1,2; Ps. 1:1,3; Ps. 84:4,5; Ps. 40:3**

Broeder en suster, ons het vantevore in Esegïël al dikwels met hierdie oudstes van die volk te doen gekry. Hulle wat die leiers van die volk was, op die oog af manne wat mens sou respekteer. Vanoggend lyk hulle optrede werklik eerbiedige optrede te wees. Ja, hulle het vantevore hulle nie aan Esegïël wou steur nie, trouens hulle het hom geminag en beskimp, gedink hy is besig om sy verstand te verloor as hy by sy eie huis nie by die deur uitgaan nie, maar 'n gat deur die muur breek. Hulle het Esegïël se profesie verag en gedink die valse profete en die valse profetesse is meer betroubaar as Esegïël. Daardie tye wat Esegïël so op sy verkillende sye gelê het, sy kos om dierlike mis gaargemaak het sy hare aorgesny en opgeweeg het, alles optrede waarin Esegïël aan sy volk wou wys watter straf en ellende daar gaan kom op hulle hardheid van hart en blindheid van oë.

Nou lyk hierdie oudstes asof daar groot verandering by hulle gekom het. Hulle gaan sit selfs by Esegïël se voete, waarin hulle wil te kenne gee, nou wil ons na jou luister Esegïël, jy is waarlik die een wat ons moet voorgaan. Ons was die hele tyd nog verkeerd, ons wil jou as ons meerdere erken. Ons wil graag nou nie meer heelyd met jou redeneer en twis nie, nee ons is nou hier omdat ons regtig wil luister. Op die oog af is dit 'n gebeurtenis wat Esegïël vol van blydschap moet maak, want hoe wonderlik, ook in die Here se oë wanneer 'n sondaar tot inkeer kom. Die Here wat ons voorgaan in hoe Hy selfs nege-en-negentig skape sal los, net om daardie een skaap te gaan haal en terug te bring wat verlore was. Esegïël dit lyk jy kan vandag bly wees, hier is oudstes wat eintlik lyk die afgevaardigdes uit die oudstes te wees, die oudste van die oudstes, die mees senior lede is hier en hulle wil vandag nie met jou baklei nie, dit klink asof hulle in jou na God se stem wil luister. Hulle kom bid en vra na die Here se Woord.

\*\*\*

Esegïël sou seker reeds net wou begin om sy blydschap, sy dankbaarheid, na hulle kant te wys, want so het hy gedink ek het rede om bly te wees. Anders as Jona wat mos kwaad was, toe dinge in Nineve lyk dit kom reg. Jona wou God se straf in Nineve sien en beleef hoe hulle vernietig word, nie hoe hulle, hul tot God bekeer en daar vir hulle redding kom nie. Esegïël is nie Jona nie, hy wou net begin bly word oor hierdie oudstes se omkeer in hulle lewe, toe kom die Here skielik in wat sy rede tot blydschap sou wees.

Die Here sê vir Esegïël – Pasop!- hierdie manne is nie opreg nie. Hulle is nie in hulle hart dit wat hulle nou hier vir jou te kenne wil gee nie. Die vrae wat hulle jou wil vra mag dalk vroom klink, maar sê die Here- *sou Ek my dan werklik deur hulle laat raadpleeg?* Esegïël moet jy hulle nie van 'n antwoord bedien nie, want maak die Here aan Esegïël bekend, Hy wat die Here is, Hy sal hulle antwoord.

\*\*\*

Esegïël sou verslae baie van hierdie hoofstuk moes aanhoor, hoe die Here anders na 'n mens kyk as dit wat ons kan raaksien. Hulle wat man vir man nou so ootmoedig lyk, dit lyk hulle het 'n verlange na die Here se Woord, Esegïël jy kan dit raaksien nie, maar die Here sien dat man vir man het hulle hul drekgode in hulle harte opgeneem... Daarom word Esegïël summier belet om enige profetiese Woord in die Naam van die Here tot hierdie manne te spreek. Die Here sal hulle antwoord, nie met die blydschap waarna Esegïël sou wou uitsien nie, al sou die Here se antwoord hard en kortaf klink, maar geliefdes in daardie ou baarde voor Esegïël, in die grysaards wat so eerbiedig lyk, hulle wil ten einde laaste hulle koppe voor die Here buig, die Here weet al is die koppe oud en grys daar sit in hulle koppe en harte gode en gode verkleef. Hulle is eintlik maar net hier Esegïël, omdat hulle 'n kans wil vat. Mens moet nie met die Here kanse wil vat nie!

\*\*\*

Wat is die kans wat hulle vat, broeder en suster, dieselfde wat so baie van ons vandag ook nog dink dat God sien nie ons eintlike planne raak nie. Ons mislei onself, soos ons verlede Sondag kon sien, valse profete en profetesse ook met misleiding en ondermyning besig kan wees. Die kans wat mense vat is om te dink God sal dit Hom welgeval dat Hy nie ons hulp in nood is nie, maar Hy is daar vir noodhulp. Wat is die verskil om God as die hulp in nood te sien, anders as wat Hy daar as noodhulp moet wees.

Daar is 'n groot verskil, wat ons vir onself moet uitmaak, al lyk dit dalk vir mense nie so groot dit wat die verskil werklik is nie. Hulle daar voor Esegïël, hulle nood het aangegroei en groter geword, hulle besef dat hulle gehelp moet word, soos wat ons almal vandag die Here as ons Helper in nood moet aanroep. Watter verskrikking om dan te moet hoor dat jy Esegïël moet jou deur hulle vrome voorkoms nie laat mislei nie. Hierdie manne se gode is nog altyd besig om soos dit hier letterlik staan in hulle harte op te klim. Al het hulle kamtig die afgodsbeeldjies en allerhande verfoeisels wat

Pretoria- 17 Oktober 2010

Esegiël vantevore alles in Israel moes aanskou, uit hulle huise verwyder, daardie baie gode is nog stewig in hulle harte teenwoordig.

Trouens hierdie oudstes se harte is soos offertrone. Hulle harte is soos 'n taxi, altyd nog plek vir een... Hierdie oudstes vat nou 'n kans, want hulle wil kyk of Esegiël en die ware God na Wie hy die volk roep, dalk ook 'n plek in ons harte moet kry. Ons kan mos niks verloor deur die God ook 'n kans te gee nie, want ons het al so baie gode wat ons wel in die steek gelaat het, dalk kom ons tog vir die oomblik met Esegiël se God by 'n punt waar die ander gode ons nie by kon uitbring nie. As hierdie God van Esegiël later nie die mas opkom nie, dan sal ons harte maar weer oorspring na die god wat ons dalk weer in die ander omstandigheid lyk beter uitkoms te bied.

\*\*\*

Broeder en suster, watter gevaarlike spel met vroom gesigte kan mense speel?! En dit met die enigste ware lewende God. Kan u nou beter verstaan, hoekom die Here kort voor Esegiël dankbaar en bly kon wees oor hierdie verandering wat daar lyk by die oudstes plaas te vind, die Here eintlik Esegiël voorspring en sê pasop, nou moet jy regtig versigtig wees, want hierdie mense het nog niks verander nie, hulle het eintlik net meer en meer, man vir man in die kuns van om godsdiens voor te gee tot 'n fyn spel ontwikkel. Al lyk hulle, hulle buig voor die Here neer, hande in die lug, dit lyk werklik of daar verandering is, maar hulle dra nou hulle gode in die hart, hulle het nie werklik van die Kanaänitiese en Moabitiese en Babiloniese gode afskeid geneem nie. Kamos, Baäl , Bel en Nebo is nog net so belangrik vir hulle soos altyd, hulle probeer dit maar net wegsteek en hulle kry dit nogal reg.

Ons harte is vir God bedoel, ons moet nie taxi-harte hê en altyd maar nog vir die volgende god plek wil maak nie. Die God wat ons Helper in nood is, nooit sal Hy maar net 'n noodhulp wil wees nie. Hy wat dit duidelik maak, so duidelik het Israel dit moes hoor- *Hoor Israel, die Here onse God is 'n enige HERE*. Hy alleen is God, die Enigste wat daar kan wees. God weier volstrek om as noodhulp vir die mens te dien.

\*\*\*

En nou moet ons nie dink, hierdie oudstes, ek is darem nie soos hulle nie. Ek is iemand wat werklik nie so maak nie, broeder en suster, as dit in jou lewe goed gaan, dien jy werklik die Here met dieselfde erns as wanneer dit nie goed gaan nie. Is ons sonder om dit werklik te erken nie maar ook besig om God veel eerder as noodhulp te sien, want

wat het ek God voor nodig as dit goed gaan. Ek het geld, ek het 'n huis, ek het 'n gesin, ek het 'n kar, ek het 'n werk, ons sien onself in ons werk, in ons eie krag en voorspoed redelik onafhanklik en selfstandig, my polisse en versekering kan selfs die dekking gee wat ek nie eers aan God gedink het toe ek daarvoor voorsiening gemaak het nie. Ek hou maar net die laaste deur ook oop, as alles my nie help nie, mag God my help. Broeder en suster, dit is hard gestel, maar wie van ons lewe eintlik anders as dit wat ons sopas voor die Here moet erken. Wanneer God hierdie oudstes se harte blootlê, dan is ons harte nie uitgesluit nie.

\*\*\*

Ons moet besef God het Esegïel belet dat sy Woord aan hierdie oudstes gegee word. Die Here wys in die verdere gang van hierdie hoofstuk dat die Here hulle sal straf oor dit wat hulle dink hulle mee sal kan wegkom. Selfs as 'n profeet waag om aan sulke tipe mense God se profetiese Woord te gee asof hulle geregtig is daarop dan sal daardie profeet gestraf word, want broeder en suster, hierdie hoofstuk wys duidelik God se strawwende geregtigheid wanneer dit kom by jou en my se persoonlike verantwoordelikheid. Die oudstes se redenasie wat hulle in hul hart gedra het om te probeer hulleself te regverdig was asof God darem nie ter wille van net 'n paar vroom mense die hele stad sal spaar nie.

Hulle probeer selfs 'n historiese verband lê tussen wat God vantevore gedoen het, soos met Abraham toe God aan Abraham die versekering sou gee dat sou daar net tien regverdiges in Sodom wees die Here die stad nie sou vernietig nie. Selfs wil hulle nog vêrder in die geskiedenis teruggaan, want het hulle ook Noag as voorbeeld wou gebruik. Om Noag se geregtigheid was sy hele gesin gespaar. Ook Job kon met sy priesterlike intreding vir sy drie vriende intree waar God hulle wou straf.

Hierdie oudstes wil wys ons het die geskiedenis aan ons kant. Ons wat darem in geen sin met dieselfde lotgevalle as Sodom vergelyk kan word nie, die Here moet tog anders na ons kyk. Ons is sy volk, hierdie is die Here se stad, Jerusalem dra tog God se tempel uit, dit is die eksegese wat daar deur die oudstes self gedoen is. Om eksegese te doen in wat God reeds van Homself bekendgemaak het, watter voorreg vir 'n kind van die Here om dit te mag doen, maar nou het hulle eksegese nie die regte doel om waarlik nader na God te kom in wat God se openbaring vir hulle beteken nie, nee dit word amper iets van 'n armdruk-situasie.

Pretoria- 17 Oktober 2010

God het Abraham, Noag, Job en dan ook nog 'n persoon wat dieselfde naam dra as Daniel wat ons ook 'n profete-boek ontvang het, maar dit kan op sterke gronde aanvaar word dat dié Daniel waarna die oudstes verwys wel vir Esegïel ook 'n bekende persoon was, maar wat ons nie met die latere Daniel moet verwar nie. Al hierdie manne wat so deur die oudstes met name genoem word, is deel van 'n tegniek waarin God Hom nie sal laat uitoorlê nie.

Die Here antwoord dan Self hierdie oudstes, al was Noag en Job, Abraham en julle Daniel dan op hierdie oomblikke in hulle eie persoon in Jerusalem teenwoordig, dan sou hulle geen verskil gemaak het in wat God reeds oor Jerusalem besluit het nie....*so waar as Ek leef spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie, hulle sou net hulle eie siele deur hulle geregtigheid red...* Hierdie voorbeelde uit die geskiedenis word deur God nou dieper toegepas. God laat Hom nie deur die oudstes se skynvroomheid afpers nie, want sou die Here na Noag en Job verwys, dat elkeen moet vir homself/haarself ook verantwoordelikheid aanvaar. Noag kon nie keer dit wat met Gam gebeur het nie, Gam het sy eie verantwoordelikheid moes nakom. Job kon ook nie keer dit wat met sy kinders gebeur het nie, Job al was hy hoe vroom, hy kon nie sy kinders se lewe daardeur red nie. Elkeen van ons, of ons dit wil weet of nie, dra baie beslis 'n persoonlike verantwoordelikheid, wat niemand anders as net jy kan dra nie.

Wanneer mense troubreuk pleeg en hulle volhard in hulle ontrouheid, dan is dit darem uiters vermetel om in jou troubreuk op God wat getrou bly vir jouself God se trou te wil toeëien. Dan is dit 'n geval van ek verwerp die verbondseise, maar nog steeds wil ek op die verbondsweldade aanspraak maak. Teenoor hierdie benadering gee die Here die baie duidelike antwoord so 'n mens maak homself/haarself nog meer skuldig as 'n heiden. 'n Heiden wat nie deel van God se verbond is nie, 'n heiden kan nie troubreuk begaan soos 'n verbondskind nie, maar nou doen hierdie mens in die verbond iets wat op groter straf sal neerkom as die straf wat God heidene mee sal straf. Want maak hierdie verbondskind of hy die Here dien, soos hierdie oudstes wat baie vroom hulleself daar vóór Esegïel neergeplaas het, maar hulle harte is nie op die altaar nie. Hulle probeer, met God armdruk, probeer om God te wil uitoorlê en dit op grond van God se eie verbond.

Die verbond van die Here eis van jou ook persoonlike verantwoordelikheid. Laat daar by ons geen onduidelikheid wees nie, broeder en suster. Die oudstes by Israel wou maak asof God nie duidelik genoeg is nie, asof God in sy verbond vaag is, want het hulle heelyd wou wegstrem om nie persoonlik jou eie verantwoordelikheid op te neem nie. Die verbond is mos daar, God se tempel is mos daar, God se stad is daar, ons is mos God se volk, maar geliefdes dit alles wat van God af kom vra juis dat ek en jy moet antwoord watter deel ek moet nakom. Dit moet nie maar net gaan om die verbond nie, maar hoe kom ek my eie verantwoordelikheid in hierdie verbond na.

Ook as ons oor die kerk praat. Dit is nie maar reg as ek net kan bewys dat ek aan 'n kerk behoort nie, maar is ek werklik besig om die koninkryk van God in die kerk waar ek deel van is te soek en maak ek gebruik van die geleentheid wat God in sy Kerk vir my skenk. As ek hieroor vaag is, dan is ek eintlik mos maar besig om deur die verbond en deur die kerk en deur die koninkryk wat God ook in my lewe wil laat kom dit stukkie vir stukkie af te breek, soos wat reënwater met grond maak waar die proses van erosie klaar begin het.

Die oudstes by Esegïel se geloof was reeds geërodeer en dit maak dat mense hulle verantwoordelikhede op andere wil plaas. Op 'n ander manier het ons te doen met die sonde van individualisme waarmee die Metodisme dikwels uitgeken kan word. Omdat hulle nie na behore verbondsmatig dink nie, nou word individuele persone uitgekies, vroom enkelinge soos Noag, Abraham en Job, asof die metode van hierdie manne se geloof die hier en nou van ons as stad se redding kan beteken. Dan word die verbondsmatige, die instelling van die ampte, die kerk as gemeenskap van heiliges nie gereken nie, maar net of ek al my hart vir die Here gegee het.

Ons tydsgees leef sterk individualisties en metodisties, want lees ek van individue soos Pierre Spies of Angus Buchan, hulle word op gereelde samekomste betrek, so asof nie die verbond nie, maar hierdie mense se geloofsvoorbeeld die vastigheid gee. Terwyl wanneer mens uit die verbond lewe, dan soek ek my vastigheid in God se Woord en beloftes, ek kan nie my vastigheid in ander mense soek nie. Trouens hierdie ander mense, al is hulle Pierre Spies of Angus Buchan, is veronderstel om hulle vastigheid, net soos ek dit moet doen, nie metodisties voor te doen nie, maar soek jou vastigheid in die verbond van God wat klaar vas en seker is. Enkelinge moet nie vergoddelik word

Pretoria- 17 Oktober 2010

nie en laat ons nie ons godsdienstige vastigheid in vrome mense soek nie. 'n Bekeerde individu kan nie die fondament van jou geloof wees nie. Daarvoor het jy tog 'n baie sterker fondament nodig. My persoonlike verantwoordelikheid wat ek moet nakom is om myself op die verbond toe te spits en moet nie ander mense my motivering tot godsvrug probeer maak nie, maar dit wat God in sy verbond na jou laat kom, dit moet jou motivering wees. Selfs groot name soos Noag en Job, insgelyks Abraham, dit help nie die oudstes beroep hulle op daardie name nie. Die Here sweer by Homself, al was op daardie oomblik Noag en Job en Daniel in die stad, hulle sou geen seun of dogter kon red nie, maar net hulle eie siele in wat hulle geregtigheid reeds voor God is.

In Christus moet ons dit goed besef broeder en suster, Hy is ons geregtigheid, alleen in en deur en tot Hom moet ons geloof gerig wees, Hy die vervolmaking en die volmaking van die verbond. Wie waarlik in die verbond sy vertrou op God stel, stel dit nie maar net in 'n ander mens nie, maar die Mens in Wie ons vertrou, Hy is God en Mens en sy mens-wees is sonder sonde, dat sy God-wees ten volle kan wees waar Sy mens-wees is. Daarom vertrou ons nie maar net op die Mens Jesus nie, maar ons vertrou op Christus, Hy wat God is en vóór Hom sal elkeen persoonlik sy eie verantwoordelikheid moet besef.

Hfst. 14 van Esegïël eindig wel met die troos van redding sal daar wees. God weerspreek Homself nie, soos sommige hier te kenne wou gee nie. Eers wys God hoe min die groot manne uit die geskiedenis andere kan red, maar dan praat God direk hierna van ontvlugte seuns en en dogters wat uitgebring sal word. In God se strafgerigte is daar die oorblyfsel, weereens die bietjie hare in Esegïël se soom het nog nie weggewaai nie, dit sal ook nie. God sal altyd die bewysstukke hê dat sy genade genoeg is, maar ons moet nie bewysstukke na God wil bring nie, laat God sy bewysstukke na jou toe bring. Selfs daardie bewyse dat mense God nie kan beskuldig dat Hy onregverdig is nie. Mense wat dink God oorreeger, soos die oudstes ook gedink het. Esegïël het in 'n visioen Jerusalem gesien, hoe oud en jonk, man en vrou met boosheid gevul was. As ons werklik besef wat aangaan, ons kyk na ons handel en wandel, wie is daar wat God nog van onreg kan beskuldig?! Dit is eintlik onbegryplik hoe God ons nog enigsins verdra, dat jy mense kry wat met gebalde vuiste God se skatte vashou, baie monde gevul met die Here se brood is besig om teen Hom te laster. Volgende keer sal

hierdie sonde, party praat van die sonde van onvrugbaarheid dieper na gekyk word.

AMEN